# KINDERKERK LES: Om te dien

**Doel van les:**

Vandag leer ons dat as ons sê ons is sout vir die wêreld, ons moet oplet watter behoeftes ander het en 'n verskil maak.

**Ysbreker 1: Geheue speletjie: (**Hierdie speletjie kan jy in die kleingroepies doen deur vir elke groepleier 'n skinkbord te gee met items op of in die groot groep waar slegs die aanbieder 'n skinkbord het). Kry 'n skinkbord en plaas tussen tien na vyftien items daarop. Gooi 'n lappie oor die skinkbord. Plaas die skinkbord op 'n tafeltjie en haal die lappie af. Gee die kinders so minuut kans om die skinkbord te bestudeer en te probeer onthou wat als daarop is. Gooi nou weer die lappie oor en kyk of hulle kan onthou wat als daarop is.

**Ysbreker 2: Geheue speletjie:** Gebruik dieselfde skinkbord met items, maar nou haal jy twee items uit. Die kinders mag nie sien watter items jy verwyder het nie. Wys nou die skinkbord en laat hulle raai watter items weg is. Speel soveel rondtes soos tyd en belangstelling van kinders toelaat.

**Sê:** Maatjies, vandag het ons fyn gekyk wat op die skinkbord was. Ons moes mooi oplet en ons ogies oophou om te kan raaksien. Weet julle dat Jesus ook wil hê dat ons ons ogies moet gebruik om ander raak te sien? Ons moet mooi rondom ons kyk en oplet as 'n maatjie dalk honger, alleen, hartseer of bang is.

**Vraag:**

- Wat dink julle moet ons dan doen as ons so iets sien?
- Hoekom dink julle wil Jesus hê ons moet dit doen?

**Illustrasie**: Neem 'n emmer/bak met water in. Gooi 'n klippie of albaster daarin. Maak seker dat die kinders oplet die rippels wat die klippie/albaster gemaak het in die water.

**Sê**: Deur die klippie/albaster in die water te gooi, het die water sulke klein rippeltjies gemaak. Net so wanneer ons bv ander se hartseer raak sien en kies om hulle te help, maak dit ook rippeltjies. Daardie persoon sal beter voel en dalk ook iemand anders wil laat beter voel. So is ons sout vir Jesus in die wêreld en help om die wêreld 'n beter plek te maak.

**Vraag:**

- Wat dink julle kan julle doen om ander te help? (Mamma help in die huis, broodjie bring vir honger maatjie, vir ander bid, deur oophou vir iemand)

Kom ons bid nou in ons groepies dat Jesus ons sal help om ander mense raak te sien en te wil help.

Sluit af in groepe met gebed.